



# Privaatskool Elnatan

*Die toekoms van die wêreld is vandag in ons klaskamer.*

---

## SKOOLREËLS

### Leerlinge moet:

1. op die aangewese plekke aantree wanneer die klok lui met die aanvang van die skool en na pouse.
2. ordelik klasse wissel.
3. die voorgeskrewe kleredrag dra.
4. met respek teenoor die inwoners van die gemeenskap optree.
5. uit respek opstaan as gaste, ouers of personeel op die terrein beweeg.
6. hulle aan die gesag van die onderwysers en leerlingraad/prefekte onderwerp.
7. opstaan as personeel of ouers die klaskamer betree.
8. 'n tradisie skep van vriendelik groet.
9. klasse bywoon tot op die laaste dag van die skooltermyn.

### Leerlinge mag nie:

1. skool-eiendom beskadig of vandaliseer nie.
2. ander leerlinge boelie, afknou of slaan nie.
3. 'n ander se selfbeeld aftakel nie.
4. voorwerpe gooi wat leerlinge kan beseer of eiendom kan beskadig nie.
5. in die omgewing van die geparkeerde motors verkeer nie.
6. die dam of swembad gebruik sonder behoorlike toesig nie.
7. vuiltaal gebruik nie.
8. hom skuldig maak aan vuilpraatjies nie.
9. grimering saam met skool- of sportdrag gebruik nie.
10. met hande in die broek- of baadjiesakke loop nie.
11. ander se besittings wegsteek nie.
12. ander se tas uitgooi nie.

13. steel nie.
14. kougom kou tydens skool- of buitemuurse bedrywighede nie.
15. tekkies of plakkies saam met skooldrag dra nie.
16. onweloweglike foto's neem nie.
17. eet- en drinkgoed in klasse inneem nie.
18. besoekers of leerlinge uit ander klasse saambring skool toe nie.
19. so optree dat die skool se program benadeel word nie.
20. 'n voertuig sonder 'n lisensie of met 'n leerlinglisensie sonder behoorlike toesig van 'n volwasse op die skoolterrein te bestuur nie. (Sleutels van leerlinge se voertuie moet vir die duur van die skoolweek by die superintendente van die koshuis ingehandig word.)
21. selfone tydens skoolure en studietye in sy besit hê nie.
22. by die kantoorblok speel of kuier nie.
23. op die grasperk of stoep van die hoof se huis kom nie.

### **Reëls wat ten alle tye geld vir leerlinge van Elnatan:**

#### **Verhoudings tussen seuns en dogters:**

1. Wanneer seuns en dogters in 'n verhouding is, word 'n gehang aan mekaar, 'n soenery en lê teen mekaar op die terrein of in skooldrag as onvanpas beskou. Hierdie paartjies mag slegs kuier op die grasperk by die hoërskool.
2. Geen verhoudings tussen laerskool en hoërskool leerlinge word toegelaat nie.
3. Kuiertyd is na aandete tot voor studie om 18:45. Paartjies sal in hierdie tydgleuf toegelaat word om hande vas te hou op die grasperk by die hoërskool.

**Die volgende is verbode BINNE en BUITE die grense van die skool en kan tot die skorsing lei van 'n leerling soos bepaal deur die Statute van Privaatskool Elnatan. Hierdie word as ernstige oortredings beskou.**

1. Rook: Sigarette / Elektroniese toestelle / Waterpype (Hubbly Bubbly) of enige vorm van pype.
2. Die gebruik van dwelmmiddels of die handel dryf met dwelmmiddels of in besit wees van dwelmmiddels of enige ander verbode middel.
3. Die gebruik van alkoholiese drank of aankoop/verspreiding van drank of in besit wees van drank.
4. Die besit van pornografiese materiaal of verspreiding van pornografiese materiaal.
5. Skuldigbevinding aan 'n kriminele oortreding.
6. Gewelddadige optrede binne en buite skoolverband.
7. Brutale arrogante of astrante optrede teenoor enige personeelid van die skool.
8. Herhaalde afwesigheid sonder enige verskoning aan skool wat aanleiding gee tot onderprestasie.
9. Seksuele wangedrag.
10. Okkultiese en satanistiese bedrywighede.
11. Steel / Vandalisme.
12. Die besit van vuurwapen(s) of enige ander gevaarlike wapen.
13. Enige optrede wat die skool se naam kan skaad.

<b>Datum goedgekeur:</b>	November 2019	<b>Goedgekeur deur:</b>	Skoolhoof	
			Adjunkhoof	